



ARTKAT Studio

Johanna Prinsloo

Januarie / Februarie 2008



Goeiedag alle Artkatstudente, Artkatvriende en Belangstellendes,

Die Oujaar is ongesiens afgesluit met 'n lekker kuier so hier en daar. Die lekker pret wat ek en die Johannesburg klas gehad het met 'n middagete by Sigi Tieghe se man se restaurant het vreugdevol afgeloop toe ons almal met kleurkryte en inkleurprente verwelkom is. Ek moes met een kleur, blou, drie kleure maak en het toe maar op die skakering daarvan terug geval

Die foto's getuig van die pret van die middag

Die Nuwejaar is in volle swang en almal is besig om die "lig" op meer as een "nuwe" manier te sien. Die sonnetjie het egter al reeds begin om meer skamerig te raak in die oggende. Saans begin ons al vroeër bewus te raak van die nag wat vinniger nader met die son wat oor die horison sy strale al hoe traer laat gly oor die fluweelsagte nagkometers wat meer snoesig oor ons kom lê. Selfs die herfsblare begin al reeds hier en daar al hoe 'n donkerder groen te word om al die dieprooi en latere heldergeel kleure bloot te stel. Marie neem elke maand vir ons 'n foto van die seisoen boom. Hou die foto goed dop en sien hoe die tyd daarin gelees kan word. In die tyd van die boom sien ek elke jaar weereens ook die rede hoekom kleur vir

my so belangrik is. Ek stap vanmiddag hier in my huisie in om terug te kyk hoe die groen van die tuin agter my in gestreep het. Dit het gevra dat ek dadelik 'n foto daarvan geneem het.

My wens vir julle almal hierdie jaar is om al die lig rondom jou raak te sien. Lig wat in die kleure van die reënboog of kleur spektrum vorm aan alles gee wat rondom ons is.

Groete vir eers,
Johanna Prinsloo.
(johanna@artkat.co.za)
Tel: 082 838 0750
www.artkat.co.za



Colour of the Month : Yellow



Yellow

Yellow is sunshine. It is a warm colour that, like red, has conflicting symbolism. On the one hand it denotes happiness and joy but on the other hand yellow is the colour of cowardice and deceit.

Jan / Feb 2008 Programme

Maandag	14h00 – 15h30	Kinderklas
Maandag	15h45 – 17h15	Kinderklas
Dinsdag	09h30-12h30.	Jhb Klas
Woensdag	08h30-10h30	Jaarkursus
Woensdag	10h45-12h45	Eie projek klas
Woensdag	15h00 – 16h30	Kinderklas
Woensdag	18h30 – 20h30	Jaarkursus
Donderdag	08h30-10h30	Gevorderd
Donderdag	10h45-12h45	Eie projek

Saterdag 15 Maart 10h00-12h00 Veldsessie
Koste van veldsessie : R130

Kontak my om die veldsessie te bespreek. Ons sal weer na die Botaniese Tuine toe gaan omdat dit daar baie veilig is. Pak jou piekniekmandjie. Die familie kan 12uur by ons aansluit om 'n heerlike middagete saam deur te bring.

Artkat Jaar Kursus

Dit is ook nou die tyd van die jaar wanneer Artkat se vlagskip kursus die Kleur Kursus weer van vooraf geloods word. Hierdie jaar word dit as deel van 'n jaarkursus aangebied waarin die student ook leer om die kennis prakties toe te pas in verskeie mediums. Al die verskillende kursusse word behandel in die loop van die jaar. Kyk na die [webblad adres](#) vir verdere inligting oor al die verskillende kursusse.

Ek nooi ook almal uit wat belangstel in hierdie jaar kursus om deel te hê aan die vreugde van 'n nuwe bewuswording. Ek is seker dat die studente wat reeds van hierdie kursusse gedoen het wel deeglik vir ons kan vertel hoeveel meer die lewe nou vir hulle in alle vorms kan bied.

Die herfsblare vertel al reeds vir ons die hele verhaal van ontdekking met die verandering van die kleure wat juis so kenmerkend is daarvan.

Die natuur rondom ons is sekerlik ook die grootste inspirasie vir die kunstenaar. Ek het so 'n paar maande gelede 'n paar foto's geneem van natuurlike plantmateriaal en stompe. Die abstrakte vorms wat so bloot voor my gelê het, het my geïnspireer om 'n reeks abstrakte kunswerke te maak met die natuur as inspirasie. Die eerste een is voltooi en ek wys graag die foto en die verwerking daarvan in my skildery. Ek hoop dat dit as inspirasie sal dien om net hier reg rondom ons te kyk na dit wat vir ons gegee word. Ek en drie van my studente beplan om in die

nuwejaar saam 'n ode te lewer aan die natuur in die vorm van 'n groep uitstalling en werk reeds daaraan.



Winston Sumner 'n oud Artkat student het hierdie twee kunswerke vir ons gestuur. Geluk Winston, ons beste wense vir n wonderlike kunstenaars loopbaan. Ek hoop dit is 'n aansporing vir alle oud studente om van hulle werke nog steeds onder die vaandel van Artkat vir ons te stuur.

Artkat Kinderklasse

Artkat bied van hierdie jaar Kinderklasse aan en almal wat weet van kinders wat graag meer wil weet daarvan is welkom om my te kontak. Die laaste kursus by Pavane was dan ook 'n kleurkursus. Die kinders moes van twee kleure 'n hele landskap skep. Geel en blou was die eerste opdrag. Rooi en geel die volgende en dan blou en rooi.



Ons Seisoenboom

Kunstenaar van die maand

Graag wil ek vir julle hierdie maand voorstel aan een van Artkat se oud studente Amanda Haagner. Amanda is nie net 'n student nie maar ook 'n baie goeie vriendin. Sy het met Artkat Kunsklasse begin in 2003. Ek het 'n ruk gelede haar besoek in haar studio in Potchefstroom en 'n paar foto's geneem. Amanda skilder al 'n geruime tyd en het haar by my aangesluit om ook die Joernaal kursus by te woon. In die Joernaal klas leer die student om sy kunswerk te konseptualiseer en

dit in 'n joernaal aan te teken. So het Amanda dan hierdie kennis vir haar self gemaak en met haar natuurlike skryftalent is sy nou so gemotiveer dat dit 'n wonderlike ervaring is om deur haar joernaalblaai te blaai om te sien waar sy haar inspirasies kry. Dit is om die kleur van haar karakter te ontdek en dit op haar eie unieke manier te verbeeld.



Amanda as oud student van Artkat Studio sal ek graag by jou wil weet wat dit vir jou beteken het?

Ja, Artkat het my lewe verander, dit was letterlik soos om tuis te kom na 'n lang afwesigheid na 'n plek waar jy hoort! Johanna het kom intree asof gestuur net nadat ek my moeder verloor het. Behalwe vir al die gediertes wat deel uitmaak van die atmosfeer was die heerlike tee in spesiale koppies en mooi inspirerende musiek deel van dit wat die eerste dae van die res van my lewe geword het. Sy het daardeur jou bewus laat raak van jou wesenlikheid, hoe om met jouself besig te raak op verskeie vlakke.



Ek weet dat jy die Joernaal kursus behalwe teken en verf mediums gedoen het. Dit het nie net jou kunstantent op visuele vlak gestimuleer nie maar ook as liefhebber van die skryfkuns kon jy jou gedagtes ook inkorporeer. Sou jy sê dat jy meer groei as volledige kunstenaar so ervaar het en kan jy vir ons iets daarvan vertel. Is daar 'n stukkie skryf wat jy met ons kan deel.

Aangesien ek lief is vir skryf veral om die kreatiewe prosesse aan die gang te kry het ek my "journaling" as uitgangspunt begin gebruik, (as jy ouer as 25 is hou jy joernaal nie meer dagboek!!!) Ek het gevind dat ek die wêreld rondom my op 'n meer spirituele vlak ervaar, alles het helderder begin raak en ek het woorde en gedagtes gevisualiseer en begin skeep deur dit alles te kombineer om dit wat my aanspreek te interpreteer. Soort van 'n eie mitologie skeep. Deur middel van "brainstorming" het ek ook my journey aan die gang bly hou en omdat ek dinge meer bewustelik aangepak het, het ek begin groei as kunstenaar omdat ek alles wat ek in die hande kon kry begin ondersoek het. Somtyds is herinneringe en ervarings persoonlik maar om dit meer tasbaar te maak gun jy jouself hierdie vryheid, You get to connect the dots!

Wat is jou gunsteling skrywer, kleur en song?

My gunsteling skrywer is André P Brink asook Ebba Pauli ens. ens

My gunsteling kleure is: Alizarin Crimson en "Orange-Vermillion"

My gunsteling song is die temalied van die film "As it is in Heaven, "Come fly with me" asook die ander een in die fliek "Ek bly dat ek leef".

Amanda jy het met Potchefstroomse Salon Uitstalling wat al die plaaslike kunstenaars in die omgewing verteenwoordig erkenning gekry as 'n belowende kunstenaar. Kan jy vir ons iets daarvan vertel?

Die jaarlikse Salon uitstalling is 'n hoogtepunt op die plaaslike kuns kalender. Alle kunstenaars wat blootstelling wil kry het die geleentheid om hulle werk ook dan te koop aan te bied. Verlede jaar was daar 'n keuring van die beste kunstenaars en ek is as een aangewys. Ek is saam met 4 ander kunstenaars gekies om 'n groep uitstalling by die plaaslike Museum te hou. Dit is vir my 'n groot aansporing en ek sien baie daarna uit.

Wat is jou boodskap vir alle kunstenaars wat deel is en was van Artkat Studio?

Aan "fellow Artkatters past and present": I advise you to paint the best way YOU can, as much as you can, without being afraid to paint bad pictures!" Gee uitdrukking aan die wêreld om jou deur waar te neem; teken dit, fotografeer dit, maak aandenkings bymekaar. Ondersoek dit om jou eie keuse van beelde en materiaal te gebruik. Partykeer kyk ons na 'n objek met spesifieke beelde maar ons instink vertel ons dat daar meer as dit is. Gebruik suggestie, verbeelding, distorsie, vergroting, "moods, close-ups" en alternatiewe aansigte so kan 'n gewone groepering jou persoonlike mitologie word! Julle het die beste leermeester drink in en loop oor!

Artkat maandprojek "Ekspressionistiese selfportrette"

Ekspressionisme: "Expressionism is the tendency of an artist to distort reality for an emotional effect; it is a subjective art form."

Kleur, lyn en vorm word gebruik om jou ekspressie mee aan te dui. Kunstenaars soos Wasilly Kandinski en Edward Munch se werke is sprekende voorbeelde. Hierdie maand se projek is "Ekspressionistiese selfportrette". Om 'n selfportret te maak of self 'n portret te maak kan baie intimiderend wees vir die meeste studente. Daarom is 'n Ekspressionistiese portret soveel makliker maar ook soveel moeiliker. Dit is ook 'n meer egte weergawe van die werklike mens. 'n Beter weergawe as 'n foto kan jy nie kry nie. 'n Karaktervolle weergawe van jouself is nie altyd so vleierend as wat ander van jou verwag nie, maar dit is soveel meer as 'n foto. Hier is van die eerste pogings wat die hele proses van self ontdekking voorafgaan.



Ek is self besig om 'n skildery te maak met Wassily Kandinsky as my inspirasie.



Pavane Kunsskool.

Die jaar het afgeskop met nuus wat nie vir almal so aangenaam was nie. Pavane Kunsskool moes ongelukkig sluit vanweë onvoorsiene omstandighede. Dit was 'n baie leersame en aangename 6 maande wat ek saam met Pavane Kuns studente kon deurbring. Ek wens elkeen van julle 'n wonderlike lewe toe en weet dat dit wat ons gedeel het met mekaar nooit verlore sal wees nie. Dankie ook vir die ouers en kinders wat so geduldig was gedurende die tyd.

Linda Coetsee het besluit om langer in Egipte te bly as die jaar wat sy beplan het. Die wanderlust vir die vreemde is nog baie groot en die ervarings wat sy meemaak bly nog steeds baie opwindend. Ons sal steeds graag van jou wil hoor Linda. Artkat wens vir jou 'n wonderlike tyd in Egipte toe. Ons hoop dat ons steeds nuus van jou sal hoor van daar ver in die "vreemde".

Artkat Poetry Project

(in association with Marion Boddy-Evans, www.about.com)

The artist is asked to paint the visible picture seen in the words of the descriptive poem

Hierdie maand het studente die keuse om ook 'n gedig te gebruik as motivering vir 'n kunswerk. Die Surrealistiese selfportret kan gekombineer word met die gedig "My Attic". Die tema "Reflections" het ook byval gevind. In die volgende Nuusbrief sal ons van hierdie projekte se kunswerke wys.

MY ATTIC

Limp forgotten spider webs hang in the eaves and corners
Nostalgia hit me as I entered the attic where I had shoved things over the years.
But now I wish to look back in time where memories are covered in dust.
Slanting light comes from the small vent window and I smell the smell of age,
Of things distant; of timeless days and the ghosts that return
That remind me of who I was and the dreams I had.
I glance at yellowed book pages where I once marked passages and thoughts.
Here amongst all, I feel a strange and curious longing.
I look at an old clock that stopped at 3:23 only because it lost style.
But I too am looking into another life,
I look through faded photographs of younger years; ancient toys.
In this solitude is me; solitude that knows no words
Except the images of things I loved and are only meaningful to me.
Someone will one day throw them away without any concern,
Except perhaps that once - this was a life.

.Author: Tom McCorlew

[This may not be the usual type poem but it certainly tells a vivid story]

Die gedig wat volg is geskryf deur een van die Artkat studente, Linda Fourie.

2008
My lewe is soos 'n lappieskombes :
Met vele kleure, tot pers!
My gedagtes is soos edel; my eye pervers!

My drome is kleurvol,
Opwindend en passievol :
Vol kuns, vol heperjol !

Onopsigtelik ingevleg
Is veel lappe verleg,
Met geringdraide wat heg.

My lappieskombes kan nie daarsonder.
Dit laat my wonder :
Maak juis dit my kombes gesonder?
Linda Fourie

REFLECTIONS

Mirror, mirror in the forest pool,
Shadow'd reflections, still and cool,
Dark the green from pine and fir,
Rippling rings that insects stir,
Mossy banks where the frogs dwell,
And it's all part of the forest spell.

The silence is broken by a raven's call,
A falling leaf wavers in a gentle fall,
Golden sun rays bring streaks of light,
Mottled shade where thorns may strike,
And as daylight wends, shadows grow tall,
Soon will come the night bird's call.

The sun is gone, now the moon will rise,
Bringing secret illusions; clever ways,
The ordinary may glow in the dark,
If no light, everything seems stark,
For nocturnals this is no surprise,
All forest critters are knowing and wise.

And the forest will hide it's silent pool,
Golden sunbeams turned silver and cool,
Day birds quiet in their roosts,
Leaves rustle, may be passing moose,
In the night, the moon makes the rules,
Nature's right; 'tis man who's the fool.

Author: Anon.

"I have always believed, and I still believe, that whatever good or bad fortune may come our way we can always give it meaning and transform it into something of value."

Hermann Hesse

1877-1962, Novelist and Poet



Artkat kinderstudente het Valentynsdag kaartjies gemaak met 'n verskil. Elke kind kon huis toe gaan met 'n houtbordjie wat in een sessie gemaak is waarop 'n hartjie van draad gemaak is. Van ons kant af wil ons almal vir wie ons lief is 'n wonderlike liefdevolle pienk hartjie vol Artkat liefde gee.

Pavane Christmas Artworks and Cards

Aan die einde van verlede jaar was die Kersfeeskaartjie projek van Pavane Kuns skool. Ek wil graag elke student geluk wens met die pragtige kaartjies en wil ook hiermee julle almal 'n baie gelukkige en geseënde kunstenaarslewe toewens. Om kunstenaar te wees is om bewus te wees van alles rondom jou en waardering daarvoor te hê. Om 'n lewe te lei waarin die bewustelikheid van die goddelikheid so deel van jou is dat dit 'n vreugde is om dit op jou eie persoonlike kreatiewe vermoë te kan uitbeeld



Pavane Christmas Artworks and Cards



Pavane Christmas Artworks and Cards

